# JACOBUS BERNARDUS DE VAAL AS SUID-AFRIKAANSE HISTORIKUS (1914-1989)

**A.J.J. Jordaan**
*Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis*
*Universiteit van Pretoria*
*0002 Pretoria*

**Jacobus Bernardus de Vaal as South African historian (1914-1989)**

Through his contributions on the history of the Northern Transvaal, particularly the Soutpansberg district, Dr. De Vaal became known as a historian who could write with authority about this area. He received the MA and DLitt degrees cum laude. His theses dealt with João Albasini's role in the history of the Transvaal. Due both to his qualifications and his dedication he made rapid progress in his teaching career to his qualifications and his dedication and held the post of Regional Director of Bantu Education when he retired.

His list of publications includes the fields of history, archaeology, ethnography, ethnology, geography and pedagogics. His research focused particularly on the history of the area. De Vaal believed that the environment can shape one's view of life and of the world.

His most important archaeological research dealt with the Matshema ruins in the Soutpansberg bushveld. He identified important similarities between these ruins and the Zimbabwe ruins. In spite of his wide interest in archaeology, De Vaal did not regard himself as a skilled archaeologist, but as a skilled historian.

Dr. De Vaal se bydraes oor die geskiedenis van Noord-Transvaal, veral die Soutpansbergse distrik, het hom bekend gemaak as 'n historikus wat met gesag oor sy omgewing kon skryf. Sy M.A.- en D.Litt.-grade, wat handel oor die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal, het hy met lof verwerf. Kwalifikasies en toewyding het hom in staat gestel om vinnig opgang in sy onderwysloopbaan te maak. Met sy aftrede het hy die pos van Streekdirekteur Bantoe-onderwys in Transvaal beklee.

Die lys publikasies uit die pen van De Vaal oor sy historiese omgewing, het gestrek vanaf die historiese, tot die argeologiese, etnografiese, etnologiese, geografiese en pedagogiese. In sy navorsing daaroor het hy hom veral besig gehou met die geskiedenis daarvan. De Vaal het geglo dat 'n mens se omgewing 'n vormende invloed op jou lewens- en wêreldbeskouing uitoefen.

Sy belangrikste argeologiese navorsingswerk handel oor die Matshemabouval in die Soutpansbergse bosveld. Hy het belangrike punte van ooreenkoms tussen dié bouval en die Zimbabweruïnes blootgelê. Ten spyte van sy wye belangstelling in die argeologie het De Vaal homself nie gesien as 'n geskoolde argeoloog nie maar as 'n geskoolde historikus.

## 1. INLEIDING

William Shakespeare het gesê:

> All the world's a stage
> And all the men and woman merely players:
> They have their exits and their entrances;
> **And one man in his time plays many parts,....**

Met hierdie woorde begin Jacobus Bernardus de Vaal sy eie beskeie lewenskets kort voor sy dood op 20 November 1989. Hierdie woorde is vir hom simbolies van sy eie lewe omdat "daar in my lewe ook verskillende fasette ..." was.[1] Die volledige lys van publikasies en bydraes uit sy pen onderskryf die betekenis van hierdie woorde, aangesien die verskillende belangstellingsvelde waarin hy homself uitgeleef het duidelik daarin waarneembaar is.

Dr. De Vaal se bydraes oor die geskiedenis van Noord-Transvaal, maar veral van die Soutpansbergse distrik, het hom bekend gemaak as 'n historikus wat met gesag oor sy geliefde omgewing kon skryf. Sy belangstelling in sy spesialiseringsgebied het gestrek vanaf die historiese, tot by die argeologiese, etnografiese, etnologiese, geografiese en selfs die pedagogiese. Die twee swart tale, Noord-Sotho en Tsonga, wat hy magtig was, het hom in staat gestel om mondelinge getuienisse af te neem ten einde meer inligting oor sy navorsingsveld te bekom.[2]

Twee private bundels in lêers met persoonlike gedigte toon 'n ander faset van sy lewe, naamlik sy voorliefde vir tale en veral vir die Afrikaanse letterkunde. Die gawe wat hy ontvang het om sy wêreld, soos hy dit ervaar en beleef, in digterlike vorm uit te beeld, het daartoe gelei dat baie van sy gedigte in onder andere *Die Huisgenoot* en in *Drakrag* (amptelike lyfblad van die Drakensbergse Koöperasie) gepubliseer is. Sy gedigte toon 'n epiese karakter met 'n sterk Christelike inslag.[3]

Die wisselwerking tussen individue en hul onmiddellike omgewing vorm die basis van De Vaal se geskiedskrywing. Teen dié agtergrond moet hierdie historikus en amateurargeoloog se bydraes tot die Suid-Afrikaanse historiografie gesien word.

**Jeug**

De Vaal is op 29 Junie 1914 op die plaas Boomplaats naby Mokeetsi in die Transvaalse Laeveld gebore. Hy was die sewende kind uit 'n gesin van elf. Om aan die malaria waaraan vyf van die kinders gesterf het, te ontvlug, het sy ouers in 1919 die plaas Maroelaknop, oos van Pietersburg, gekoop.

In hierdie wêreld van die Noord-Sotho het hy sy jeug deurgebring en saam met die veewagters beeste opgepas, gejag en hul taal leer praat. Ongeveer tien kilometer van hulle huis af het hy en sy susters op die plaasskool, Du Preez Rust, naby Rhenosterpoort se koppe, skoolgegaan.

Op dertienjarige ouderdom het sy ouers na die Soutpansbergse distrik verhuis en 'n deel van die plaas Goedehoop 362 gekoop. Hierdie plaas het oorspronklik aan die Portugese Visekonsul in die Zuid-Afrikaansche Republiek, João Albasini, behoort. Hy slaag in 1929 standerd 8 aan die Junior Sekondêreskool in Louis Trichardt. Die naaste hoërskool was op Pietersburg, waar hy in 1932 matriek (eersteklas) geslaag het.

In 1944 tree De Vaal met mej. Albertha J. Lagrange, 'n dame van Bethlehem, in die huwelik. Uit die huwelik is daar drie seuns en 'n dogter gebore.[4]

## 2. AKADEMIESE OPLEIDING

Vanweë die depressie kon De Vaal nie universiteit toe gaan nie, met die gevolg dat hy in 1933 en 'n

---

Persoonlike beknopte lewenskets. Geen datum op lewenskets maar volgens die inhoud moes dit kort voor sy dood gewees het. (Verder gesiteer as Beknopte lewenskets, datum onbekend.)

2. Persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984. In 1984 en wel op 24 Augustus 1984 en 6 Oktober 1984 was ek bevoorreg om twee persoonlike onderhoude met De Vaal te kon voer. Verwysing verder hierna slegs as Persoonlike onderhoud.
3. De Vaal het 'n plakboek en twee lêers met sy persoonlike gedigte daarin saamgestel.
4. Inligting oor De Vaal se jeug verkry uit sy beknopte lewenskets, (datum onbekend) asook uit 'n persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.

maand in 1934, sonder enige professionele opleiding onderwys te Matjiesvlei, naby Waterpoortstasie, noord van Soutpansberg, gaan gee het.

In Februarie 1934 is hy met 'n beurs na die Pretoriase Normaalkollege. Die opleiding vir die Transvaalse Onderwysdiploma was saamgestel uit een akademiese jaar aan die Universiteit van Pretoria en twee professionele jare aan die Kollege. Teen die einde van sy eerste akademiese jaar het prof. S.P. Engelbrecht hom versoek om met die nodige finansiële steun teologie in die buiteland te gaan studeer. Hierdie versoek het De Vaal van die hand gewys omdat hy hom in die opvoedkunde wou bekwaam het. As gevolg van sy uitstekende punte in Geskiedenis I is hy deur prof. Engelbrecht aanbeveel om sy graad op universiteit te voltooi, met die oog op MA-studies en verdere navorsing in Geskiedenis. Huislike omstandighede — wat presies, is nie duidelik nie — het De Vaal egter verhinder om van hierdie geleentheid gebruik te maak.[5]

Nadat hy sy tweedejaar B.A. deur middel van private studie aan die Universiteit van Suid-Afrika geslaag het, het finansiële probleme hom egter verhinder om sy studies voort te sit. Hy aanvaar gevolglik in 1937 'n onderwyspos aan die Happy Rest Skoolplaas (huidige Schoemansdal Veldskool) naby Louis Trichardt. In 1941 verwerf hy sy B.A.-graad aan die Universiteit van Suid-Afrika, met Geskiedenis as hoofvak. Hierna neem hy ses maande studieverlof ten einde sy magisterstudies onder leiding van prof. C.J. Uys, aan die destydse Universiteitskollege van Bloemfontein, te voltooi.[6]

Vir die eerste gedeelte van sy magisterstudies, (huidige honneursgraad) moes hy onder andere 'n vertaaltoets uit Duits slaag. In 1945 verwerf hy die M.A.-graad in Geskiedenis met lof. Sy verhandeling het gehandel oor João Albasini, die Portugese Visekonsul in Transvaal.[7]

Om sy doktorale proefskrif saam te stel, het De Vaal 'n kwartaal studieverlof geneem en in die eensaamheid van 'n buitekamer gewerk. Die proefskrif het hy self getik. Vier jaar na die verwerwing van sy M.A.-graad het De Vaal in 1949, onder leiding van prof. Uys, sy D.Litt. ook met lof verwerf. Hy was die eerste student wat 'n doktorsgraad aan die destydse UKOVS behaal het.[8] Die proefskrif is in die *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, Deel I, 1953, gepubliseer en is getiteld, 'Die rol van João Albasini in die geskiedenis van Transvaal'.[9]

## 3. BEROEPSLEWE

Dr. De Vaal het as gevolg van sy kwalifikasies en toewyding vinnig opgang in sy onderwysloopbaan gemaak soos blyk uit die volgende:

| | |
|---|---|
| 1945-1948: | Visehoof van Sonop Laerskool, distrik Brits |
| 1948-1952: | Hoof van Elandskraal Sentrale Skool in die distrik Rustenburg |
| 1953-1954: | Inspekteur van die Departement van Bantoe-onderwys te Lydenburg |
| 1955-1959: | Inspekteur van Bantoe-onderwys te Boksburg |
| 1960-1973: | Vanaf April 1960 bevorder tot Vakkundige Adviseur. Met die afskaffing van hierdie pos word hy aangestel as Hoofonderwysbeplanner en later as Hoofinspekteur. |
| 1974-aftrede: | Bevorder tot Streekdirekteur, Bantoe-onderwys van Transvaal asook van die Oos-Caprivistreek met die rang van Adjunksekretaris. |

5. Beknopte lewenskets, datum onbekend en persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.
6. Persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.
7. Beknopte Lewenskets, datum onbekend en persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.
8. Toespraak deur dr. De Vaal tydens 'n promovendusrede te UOVS gelewer, 14 Maart 1989.
9. Persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.

## 4. OPTREDE NA BUITE TYDENS SY BEROEPSLEWE

Gedurende sy dienstydperk verbonde aan die Departement van Bantoe-onderwys het De Vaal in verskeie kommissies en komitees gedien.[10] Tydens 'n ondersoek na die beskikbaarheid van biblioteekdienste vir swartmense in Transvaal het hy as voorsitter van die komitee van ondersoek opgetree. De Vaal het ook gedien in die keurkomitee vir blanke hoofde van swart skole. 'n Belangrike bydrae wat hy in die Departement van Bantoe-onderwys gelewer het, was as redaksielid van die maandelikse Bantoe-onderwysblad.[11] Verskeie van sy artikels is in hierdie onderwysblad gepubliseer.

Alhoewel De Vaal vir sy studies geen buitelandse reise onderneem het nie, het sy onderskeie aanstellings aan die Departement van Bantoe-onderwys hom in staat gestel om veral Noord-Transvaal te deurreis. Hy het telkemale van hierdie geleenthede gebruik gemaak om verdere inligting vir sy studies te bekom.[12]

## 5. WAARIN HET SY LIEFDE VIR DIE GESKIEDENIS GELÊ?

'n Sekere onderwyser, mnr. H.J. de Jager, het hom geïnspireer en sy liefde vir veral die vak geskiedenis aangewakker. Die historiese belangrikheid van sy ouers se plaas met die murasies van die fort van Albasini daarop het sy belangstelling in hierdie figuur verder aangewakker. Deur sy kommunikasie met Kamanjan, 'n arbeider op sy ouers se plaas, het De Vaal belangrike mondelingse inligting oor Albasini en oor ou handelsroetes bekom. Al hierdie faktore het daartoe bygedra dat hy as skoolseun in sy standerd agt-jaar reeds besluit het om die biografie van João Albasini te skryf.[13]

In sy ongepubliseerde werk, 'Die Matshema Bouval', skryf De Vaal: "Die omgewing oefen 'n wonderlike en vormende invloed op die individu uit." [14] Met hierdie woorde beantwoord hy dan in een sin die vraag na die oorsprong van sy liefde vir die geskiedenis.

## 6. NAVORSINGS- EN OPGRAWINGSWERK

### Navorsingswerk

As tweedejaarstudent het De Vaal reeds begin met sy dokumentêre navorsing in die Transvaalse argiefbewaarplek oor die geskiedenis van die Soutpansbergdistrik.

Kopieërmasjiene het nog nie bestaan nie en De Vaal moes alle dokumente met die hand afskryf, voordat hy dit oorgetik en in lêers geplaas het. In hierdie lêers is alle inligting oor een spesifieke feit of afdeling van 'n hooftema, uit verskillende bronne versamel en op halwe foliokaarte neergeskryf. Hierdie onderafdelings het hy dan in alfabetiese volgorde in die inhoudsopgawe van die spesifieke lêer gerangskik. Hy het sy inligting versamel deur middel van navorsing uit boeke, artikels en argiefstukke asook uit opgrawingswerk.[15]

Met sy navorsing oor Soutpansberg se geskiedenis het De Vaal hom veral toegespits op dokumente oor die geskiedenis van Albasini. Hierdie dokumente, tesame met bronne wat hy deur middel van familiebetrekkinge bekom het, het hom in staat gestel om tot nuwe gevolgtrekkinge oor die geskiedenis van Albasini te kom. Albasini se amptelike uitgaande kopiebrieweboek, wat De Vaal

---

10. Persoonlike onderhoud, 6 Oktober 1984.
11. Persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.
12. Persoonlike onderhoud, 6 Oktober 1984.
13. Persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.
14. B. J de Vaal, Die Matshema Bouval, Ongepubliseerd, Bedankings.
15. Persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.

met moeite uit Portugees in Engels laat vertaal het, was vir hom 'n bron van waardevolle inligting by die opstel van sy doktorale proefskrif. In hierdie boek is al Albasini se visekonsulêre korrespondensie met die Portugese regering opgeteken. In 'n ander aantekeningboek, waarna hy as "Myn Journaal" verwys het, het Albasini aantekening gehou oor sy verslae aan die President van die ZAR.[16]

**Argeologiese opgrawingswerk**

Ten einde homself as amateur argeoloog te kon bekwaam, het De Vaal aan die Universiteit van Suid-Afrika Argeologie I, Etniese Geskiedenis I, Sosiale Antropologie I en Naturelle Administrasie geslaag. Verder het hy ook lid van die Suid-Afrikaanse Genootskap vir die bevordering van Wetenskap en van die Suid-Afrikaanse Argeologiese Vereniging, geword.[17]

Gedurende die tydperk wat De Vaal verbonde was aan die Happy Rest Skoolplaas het sy belangstelling in die voorgeskiedenis van die Soutpansbergdistrik verder verdiep deur inligting wat sy leerlinge aan hom verstrek het. Hy het gedurende naweke en vakansietye ondersoek gaan instel na oudhede in die distrik. Dit het bestaan uit besoeke aan bouvalle, ou myne, waterkanale, landbouterrasse, smeltoonde, die ondersoek na glaskrale, metaalvoorwerpe en kleipotte. Die resultate van hierdie navorsing het hy in verskillende tydskrifte laat publiseer.[18]

De Vaal het opgrawingswerk op verskillende plekke onderneem en hierdeur tot belangrike ontdekkings gekom. Een van die belangrikste plekke waar hy opgrawingswerk gedoen het, was by die Matshemabouval.[19] Hierdie bouval is op die plaas Solvent in die Soutpansberg se bosveld geleë. Die navorsing daaroor het tot 'n lewenstaak vir hom gelei.[20] Deur sy opgrawings het hy punte van ooreenkoms tussen Matshema en ander bouvalle gevind en ook vasgestel dat die bouval deel van die Zimbabwekultuur is. As gevolg van die ooreenkomste met die Zimbabweruïnes in die huidige Zimbabwe het De Vaal tot die gevolgtrekking gekom dat beide bouvalle moontlik deur die Lemba-ambagsmanne vir die bewonende swart stamme en Kapteins van Matshema gebou is. Hierdeur het hy (volgens hom) die wetenskaplik korrekste oplossing aangebied vir die vraag na die bouers van die Zimbabwe-ruïnes, want dit "berus op persoonlike ondersoek en gevolgtrekkings wat ek nie kan en mag verswyg nie. Indien wel, sal ek oneerlik teenoor myself wees".[21]

Hy het periodieke opgrawings- en navorsingswerk by die Matshemabouval onderneem. Die bouvalle is later tot 'n historiese monument verklaar. Vanaf 1981 tot Mei 1984 het hy vir meer as vyftig werksdae onder leiding van prof. J.F. Eloff, verbonde aan die Universiteit van Pretoria, opgrawingswerk daar verrig. Tydens sy vroeë opgrawingswerk by die bouval is hy bygestaan deur prof. C. van Riet Lowe, mnr. B.D. Malan van die Argeologiese Buro, asook deur prof. Leo Fouché van die Witwatersrandse Universiteit. 'n Verslag, 'Die Matshema Bouval', wat sowel 'n sistematiese weergawe van die opgrawingswerk by die bouval as die resultaat van die opgrawingswerk bevat, is opgestel. De Vaal het dit as een van sy grootste werke beskou. Dit is 'n ongepubliseerde dokument van meer as 105 bladsye waarin die opgrawingswerk met behulp van sketse, kaarte en foto's in detail verduidelik word.[22]

Die Matshemabouval was, alhoewel die belangrikste, nie die enigste terrein waar De Vaal

16. Toespraak deur dr. De Vaal tydens 'n promovendusrede te UOVS gelewer, 14 Maart 1989.
17. B.J de Vaal, Die Matshema Bouval, bl. 93.
18. Persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.
19. Ibid., 24 Augustus 1984.
20. Toespraak deur dr. De Vaal tydens promovendusrede te UOVS gelewer, 14 Maart 1989. (Die spelling van die bouval wissel. Dr. de Vaal gebruik Machemma en Matshema.)
21. B. J de Vaal, 'Die Matshema Bouval', bl. 93.
22. Persoonlike onderhoud, Mev. A.J. de Vaal, 14 Junie 1993.

opgrawingswerk onderneem het nie. By die bouval van João Albasini se eerste huis in die Nasionale Krugerwildtuin het hy in 1980 oor 'n tydperk van dertig dae verdere opgrawingswerk uitgevoer.[23]

De Vaal se opgawings in die Nasionale Krugerwildtuin het ook hoofsaaklik bygedra tot die oprigting van 'n rondawelmuseum in dié wildtuin waarin daar van die voorwerpe soos wat dit by die bouval gevind is, uitgestal word. Uit die opgrawings het hy vasgestel dat Albasini 'n woonhuis met vier vertrekke met gewels en 'n rietdak gebou en bewoon het. Die gebakte stene vir die woonhuis het Albasini self vervaardig. Die voorwerpe wat deur De Vaal deur middel van die opgrawings gevind het, gee 'n duidelike beeld van die kultuurtydperk waarin Albasini geleef het. Al hierdie inligting het De Vaal tot die gevolgtrekking laat kom dat Albasini te vroeg geleef het - hy was sy tyd en omgewing ver vooruit.[24]

Die resultate van hierdie navorsing was nie net 'n doktorale proefskrif nie, maar ook bydraes in 'n boek getiteld *Neem uit die verlede*, wat onder leiding van dr. U. de V. Pienaar, as Hoof van die Parkeraad, saamgestel is. Hierdie boek wat handel oor die geskiedenis van die Nasionale Krugerwildtuin het egter eers na die dood van De Vaal verskyn. De Vaal se bydraes hierin handel oor Albasini en ander belangrike Portugese figure uit die vroeë geskiedenis van die Wildtuin.[25]

## PUBLIKASIES

Die lys publikasies van dr. De Vaal oorvleuel verskeie dissiplines van die geesteswetenskap. Die doel van hierdie artkel is nie om 'n kritiese evaluering van die artikels te gee nie, derhalwe word verskeie artikels slegs kortliks bespreek en ander net genoteer.

### Historiese publikasies

De Vaal se historiese publikasies sentreer meestal rondom die vroeë geskiedenis van die Soutpansbergdistrik, Schoemansdal en dan veral oor die sosio-ekonomiese geskiedenis van die inwoners van hierdie uitsonderlike streek. Verskeie artikels handel oor die bydraes van individue tot die geskiedenis van die distrik.

Reeds in 1938 het De Vaal 'n artikelreeks in *Die Noord-Transvaler* oor die wordingsgeskiedenis van die Soutpansbergdistrik tot 1867 laat verskyn. Hierdie artikels het hy reeds tydens sy studentejare geskryf.[26] Die eerste historiese artikel van De Vaal oor Schoemansdal het in 1946 verskyn. Die artikel, 'Schoemansdal - Standplaas van die Voortrekkers', handel oor die geskiedenis en die sosio-ekonomiese leefwyse van die destydse Voortrekkerdorpie.[27] 'n Verdere artikelreeks oor Schoemansdal met dieselfde inhoud as eersgenoemde artikel, het in 1948 in die tydskrif *Die Naweek* verskyn.[28]

In twee ander artikels in die reeks oor Schoemansdal skenk De Vaal aandag aan die olifantjagters en ivoorsmouse van die dorpie. In die eerste artikel, 'Olifantjag in die dae van Schoemansdal', word vertel dat dit die vernaamste bron van inkomste vir die inwoners was. Hierin word daar vir die leser van individuele jagters en hul jagmetodes asook van die gevare verbonde aan so 'n jagtog vertel.[29] In die tweede artikel, 'Ivoorsmouse in Schoemansdal', word die pryse wat

23. Beknopte Lewenskets, datum onbekend.
24. Persoonlike onderhoud, 24 Augustus 1984.
25. Persoonlike onderhoud, Mev A.J. de Vaal, 14 Junie 1993.
26. *Die Noord-Transvaler*, Junie 1938 - Julie 1939.
27. *Die Transvaler*, 21 Desember 1946.
28. *Die Naweek*, 10 Junie 1948, pp. 22 23 25 33.
29. *Die Naweek*, 17 Junie 1948, pp. 5-7.

vir ivoor betaal is, asook die handelsroetes wat deur die ivoorsmouse gevolg is, beskryf.[30]

De Vaal het in sy artikels oor Schoemansdal nie net aandag geskenk aan die dorpie en sy gemeenskap in die geheel nie, maar ook die geskiedenis en bydraes van individue beskryf. Bernard Francois Lotrie se geskiedenis en rol as olifantjagter in die dorpie word in 'n artikelreeks bespreek. Die reeks het weekliks gedurende Oktober 1948 in *Die Volkstem* verskyn en is op 'n treffende wyse aangebied omdat dit volgens De Vaal "... die beste is om die jagter oor sy avontuurlike loopbaan self aan die woord te stel".[31]

Twee ander invloedryke figure in die dorpie was Casimiro Simôes en Josina van Warmelo. Simôes was saam met João Albasini 'n handelaar wat hom in die dorpie gevestig het. Simôes se agtergrond en bydrae tot die dorp as die "rykste handelaar in die Suid-Afrikaanse Republiek in die sestiger jare van die vorige eeu" word in 'n artikel in die *Die Volkstem* beskryf.[32]

Die *Almanak van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika* van 1949 bevat 'n kort lewensket van Josina van Warmelo. Sy was die vrou van ds. N.J. van Warmelo, die eerste predikant van Schoemansdal. Ds. Van Warmelo en sy vrou moes nie net omsien na die geestelike welstand van die inwoners nie, maar moes ook die opvoeding van die jeug in die dorpie behartig.[33]

In 'n insiggewende artikel oor die bekende Makapaan- en Mapela-moorde van September 1854 skryf De Vaal in *Die Naweek* dat dit nie Paul Kruger was wat die lyk van Piet Potgieter uit die besette grot gaan haal het nie maar wel Albasini se Zoeloe aanvoerder, Manungu. Volgens mev. Maria Biccard, wat tydens die skryf van die artikel die enigste oorlewende kind van Albasini was, was Paul Kruger egter die " eerste witman wat by was" om die lyk van Potgieter verder af te voer nadat die Zoeloe dit buite gevaar geneem het.[34]

In *Die Huisgenoot* van 24 Junie 1949 skryf De Vaal oor die ontdekking deur mev. Louisa Maria Riekert van die oorspronklike geslagsregister van staatspresident Paul Kruger se oupa, S. J. Kruger. Sy het die dokument in 'n Statebybel van die familie ontdek. Hierdie dokument werp meer lig op Paul Kruger se afkoms waaroor daar soms onsekerheid onder historici bestaan het. In die artikel word die inhoud van die dokument getrou aan die lesers oorgedra.[35]

In die opstel van sy proefskrif oor die rol van Albasini in die geskiedenis van Transvaal, verbind De Vaal hom bewustelik tot die beskrywing van die belangrikheid van die anonieme enkeling in die geskiedenis. Hy skryf daarom in sy inleiding tot sy proefskrif dat dit ongetwyfeld 'n leemte in ons historiografie is "dat die lewe en strewe van die gewone staatsburger so min aandag geniet - geskiedenis word alte graag net in parlementshuise, op slagvelde en in vorstelike paleise gesoek. Deur Albasini word die lewe van die gewone boer en pionier in hierdie stormagtige tydperk getipeer".[36]

João Albasini was nie net die Portugese visekonsul in die Soutpansbergdistrik en 'n beroemde olifantjagter nie, maar ook Naturellekommissaris van die ZAR. Hy het hom beywer vir die daarstelling van gereelde handelsbetrekkinge tussen die Boere en die Portugese en was ook 'n prominente figuur in die gemeenskap van Schoemansdal. "Hoewel hy 'n uitlander van geboorte was, het hy hom so volkome vereenselwig met die belange van die Boere dat sy naam met eer genoem kan word naas dié van die baanbrekers wat gehelp het om die blanke beskawing in die verre noorde te vestig," aldus De Vaal.[37]

---

30. *Die Naweek*, 24 Junie 1948, pp. 6, 7 en 35.
31. *Die Volkstem*, 1 8 15 22 29 Oktober 1948.
32. *Die Volkstem*, 6 Desember 1946.
33. *Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika*, 1949, pp. 105-111.
34. *Die Naweek*, 1 Julie 1948, pp. 8 9 35.
35. *Die Huisgenoot*, 24 Junie 1947, pp. 9-11.
36. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 1953, deel 1, "Ter Inleiding".
37. *Die Huisgenoot*, 4 Junie 1948, p.15.

Die feit dat Albasini se brieweboek bewaar gebly het, het De Vaal in staat gestel om Albasini as heldefiguur in die wordingsgeskiedenis van Transvaal te skets, maar ook om meer lig te werp "op die etniese geskiedenis van die Bantoestamme in Noord-Transvaal en in Portugees Oos-Afrika".[38]

Weens sy diepgaande kennis oor Albasini het die "Ernest Oppenheimer Institute for Portugese Studies" aan die Witwatersrandse Universiteit hom gedurende 1983 gevra om 'n voorlesing te hou oor die lewe van João Albasini (1813-1888).[39]

De Vaal het vanweë sy dieptestudies oor die lewe van sekere belangrike historiese figure in die geskiedenis van die Soutpansbergdistrik, ook verskeie bydraes tot die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* en die *Encyclopeadia of Southern Africa* gelewer. Vir beide histories-wetenskaplike publikasies het hy 'n kort biografie van Albasini geskryf. In die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* is daar voorts kort lewensketse deur hom van F.B. Lotrie, H.J. van Zyl, en van swart leiers soos Modjadje II, Mphephu, Sekhuhune I en Soshangane opgeneem.

Die volledige lys van historiese publikasies deur De Vaal sien soos volg daaruit:

1938: Die Wordingsgeskiedenis van die Soutpansbergse distrik tot 1867, 'n artikelreeks in *Die Noord-Transvaler*, Junie 1938 - Julie 1939.
1946: Casimiro Simoes, *Die Volkstem*, 6 Desember 1946.
1946: Schoemandal, Standplaas van die Voortrekkers, *Die Transvaler*, 21 Desember 1946.
1948: Joao Albasini, "Wit kaptein" van die Magwamba, *Die Huisgenoot*, 4 en 18 Junie 1948.
1948: Schoemansdal die verlate Voortrekkerdorp in Zoutpansberg, *Die Naweek*, 10 Junie 1948.
1948: Olifantjag in die dae van Schoemansdal, *Die Naweek*, 17 Junie 1948.
1948: Ivoorsmouse in Schoemansdal, *Die Naweek*, 24 Junie 1948.
1948: Die Makapaan- en Mapelamoorde, *Die Naweek*, 1 Julie 1948.
1948: Bernard Francois Lotrie, die baas-olifantjagter van Schoemansdal, *Die Volkstem*, artikelreeks in uitgawes 1, 8, 15, 22 en 29 Oktober 1948.[40]
1949: Geslagsregister van president Kruger se oupa ontdek, *Die Huisgenoot*, 24 Junie 1948.
1949: Josina van Warmelo, *Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika*, 1949, pp. 105-111.
1953: Die rol van João Albasini in die geskiedenis van die Transvaal, *Argiefjaarboek vir SA geskiedenis*, Deel I, pp. 1-154, Die Nasionale Handelsdrukkery, 1953.
1983: *João Albasini (1813-1888). Camoes Lectures*, no. 3. Ernest Oppenheimer Institute for Portugese Studies. University of the Witwatersrand, Johannesburg, 1983.
1983: Die Jerusalem-gangers, *Die Transvaler*, 8 April 1983.
1984: Ou handelsvoetpaaie en wapaaie in Oos- en Noord-Transvaal, *Contree*, no. 16, 16 Julie 1984, pp. 3-15. (Tydskrif vir Suid-Afrikaanse stedelike en streeksgeskiedenis)
1985: Handel langs die vroegste roetes, *Contree no. 17*, 16 Januarie 1985, pp. 3-14.
1990: *Neem uit die verlede*, Dr. U. de V. Pienaar e.a., eerste uitgawe 1990.
Dr. de Vaal se bydraes:
Hoofstuk 3: Ou handelsvoetpaaie deur die Laeveld, pp.46-66.
Hoofstuk 6: Joao Albasini (1813-1888), pp. 116-135.
Hoofstuk 7: Vervloë dae in Soutpansberg, p.136.
7.1 Schoemansdal, die eertydse Zoutpansbergdorp (1848-1867), pp. 136-162.
7.2 Coenraad de Buys - renegaat en baanbreker van

38. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*; 1953, Deel I, "Ter Inleiding".
39. Commemorative Lecture given on the 402nd anniversary of the death of Louis de Camoes on 10 June 1983, University of the Witwatersrand, Camões Annual Lectures, no. 3.
40. Die rede vir die aantal artikels in 1948 oor Schoemansdal was die viering van die honderdjarige herdenking van die stigting van die dorp.

Soutpansberg, pp. 163-165.
7.3 Die epiese verhaal van Dina Fourie, pp. 166-171.
Hoofstuk 9: 9.1 Pater Joaquim de Santa Rita Montanha, pp. 203-206.
9.2 Diocleciano Fernandes das Neves, pp. 207-211.
Hoofstuk 11: 11.1 Die "Kommissiepad" en "Die Oude Wagenweg", pp. 248-250.

Biografiese Sketse:
Albasini, João, in *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, Deel I, pp. 288-289.
Buys, Coenraad de, in *Standard Encyclopedia of Southern Africa*, Deel II, pp. 635.
Albasini, João, in *SA Biografiese Woordeboek*, Deel II, p. 5.
Lotrie, F.B., in *SA Biografiese Woordeboek*, Deel III, p. 553.
Modjadje II, in *SA Biografiese Woordeboek*, deel III, p. 637.
Mphephu, in *SA Biografiese Woordeboek*, Deel III, p. 656.
Sekhukhune I, in *SA Biografiese Woordeboek*, Deel II, p. 663.
Soshangane, in *SA Biografiese Woordeboek*, Deel II, p. 713.
Van Zyl, H.J., in *SA Biografiese Woordeboek*, Deel V, pp. 836-837.

**Argeologiese en etnografiese publikasies**

Hierdie publikasies het De Vaal geskryf na aanleiding van sy navorsing en besoeke aan ou myne, landbouterrasse, besproeiingskanale, asook smeltoonde in die Soutpansbergse en Lydenburgse distrikte. In 'n artikel 'Pre-Europese Bantoe-besproeiingswerke in Soutpansberg' in die *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, lewer De Vaal 'n feitelike verslag oor sewe van die moontlike dertien besproeiingskanale in die Soutpansbergdistrik. Die moontlike doel waarom hierdie kanale gebou is, asook elkeen se spesifieke afmetings en ligging, word in die verslag beskryf. Uit sekere bewyse word daar afgelei dat die Soutpansbergse besproeiingswerke die werk kon gewees het van vroeë swartstamme soos die Bavenda, wat daar gewoon het.[41] Sy doel met 'n artikel oor dieselfde kanale in *Die Landbouweekblad* van 12 Junie 1946 was om deur middel van die beskrywing van die geskiedkundige kanale, die destydse regering te laat afsien van 'n plan om 'n groot gedeelte van die Soutpansbergdistrik te omskep in 'n wildtuin.[42]

In die *South African Journal of Science* van 1943, het De Vaal 'n bydrae van negentien bladsye gelewer oor die Matshemabouval. Hierdie artikel handel oor die los voorwerpe wat daar gevind is. Die reeds genoemde afleidings oor die bouval word weer in hierdie artikel opgeneem.[43] Met die opskrif, 'Ek ontdek die bouval Machemma' beskryf De Vaal in *Die Brandwag* van 18 September 1951 hoe hy die bouval gevind het, en gee daarin ook 'n beskrywing van die bouval en van sy besoeke daar- aan.[44]

Verskeie artikels oor ystersmeltery en die bewerking daarvan deur vroeë swartstamme in Soutpansberg is geskryf na aanleiding van 'n onbeskadigde ou smeltoond by die koppie Vhu-u, op die plaas Skuinshoogte naby Louis Trichardt. Hierdie artikels getuig van 'n besondere intensiewe studie oor die onderwerp, asook van deeglike kennis van die leefwyse van die vroeë swartstamme in die gebied. Die proses van ystersmeltery asook 'n volledige beskrywing van die ou smeltoonde en die werking daarvan, is slegs 'n paar aangeleenthede wat De Vaal in 1946 in 'n artikel in *Die Brandwag* bespreek. Die artikel handel ook oor die vervaardiging van lewensnoodsaaklike assegaaie

41. *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Tweede Aflewering, 12 Desember 1941.
42. *Die Landbouweekblad*, 12 Junie 1946.
43. *South African Journal of Science*, vol. XL, Nov. 1943, pp. 303-322.
44. *Die Brandwag*, 28 September, 1951.

en ander gereedskap deur die swartstamme.[45]

Die mynbedryf in die Soutpansbergdistrik word in verskeie artikels beskryf. Oor die ou kopermyne by Messina en Phalaborwa het De Vaal 'n paar artikels geskryf. Een van hierdie artikels, 'Die eerste mynwerkers van Messina' in *Die Brandwag*, handel oor die oorblyfsels van hierdie verlate en omvangryke delwerye. In die spesifieke artikel word die geskiedenis van die ou kopermyne vertel. Die belangrikste voorwerpe wat by die myne gegiet is, word ook bespreek.[46] 'n Artikel in die *Lantern* van Mei 1952 oor hierdie ou myne, gee 'n duidelike beeld aan die leser deur middel van foto's van die voorwerpe wat daar gevind is.[47]

Die volledige lys van argeologiese en etnografiese publikasies deur dr. De Vaal sien soos volg daar uit:

1940: Ystersmeltery in die Soutpansberge, *Die Huisgenoot*, 12 April 1940.
1941: Pre-Europese Bantoe-besproeiingswerke in Soutpansberg, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, tweede aflewering, Des. 1941, pp. 179-183.
1942: An ancient mine in the Transvaal, *African Studies*, vol I, no. 2, June 1942, pp. 151-152.
1942: Ysterbewerking deur die Bawenda en die Balemba in Soutpansberg, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Bd. 3, eerste aflewering, Aug. 1942, pp. 45-50.
1942: 'n Geterrasseerde Heuwel Noord van Blouberg, *Tydskrif vir Wetenskap en Kuns*, Bd. 3, eerste aflewering, Aug. 1942, pp. 50-53.
1943: 'n Soutpansbergse Zimbabwe, 'n voorlopige ondersoek van 'n bouval op die plaas Solvent, *South African Journal of Science*, vol. XL, Nov. 1943, pp. 303-322.
1943: Bantoe Landbouterrasse Noord en Suid van Blouberg, *South African Journal of Science*, vol. XL, Nov. 1943, pp. 323-327.
1946: Yster vir die assegaai se lem. Naturellesmede in die ou dae, *Die Brandwag*, 14 Junie 1946.
1946: Die eerste mynwerkers van Messina, *Die Brandwag*, 21 Junie 1946.
1946: Tin- en goudsoekers in Noord-Transvaal, *Die Brandwag*, 23 Junie 1946.
1946: Wie was die eerste delwers van Soutpansberg? Zimbabwe is deur die Bantoe gebou, *Die Brandwag*, 5 Julie 1946.
1946: Ou besproeiingskanale noord van Zoutpansberg, *Die Landbouweekblad*, 12 Junie 1946.
1947: Klipwerktuie van Cilrusthalte, *Die Volkstem*, 24 Oktober 1947.
1947: Die sogenaamde Boesmanklippe, *Die Ruiter*, 19 September 1947.
1951: Ek ontdek die Bouval Machemma, *Die Brandwag*, 28 September 1951.
1951: Ek trek rotstekeninge af, *Die Brandwag*, 26 Oktober 1951.
1951: Die ou Kopermyne van Messina, *Yskor Nuus*, pp. 873-878, Oktober. Ook herdruk in *Lantern*, Jrg. 1, nr. 5, Mei 1952, pp. 405-408.
1952: Ysterbewerking in Vendaland, *Yskor Nuus*, Julie 1952, pp. 591-596.
Ook herdruk in *Lantern*, Jaargang 2, nr. 2, Oktober 1952, pp. 152-156.
1952: Die Pottebaksters van Boomplaas, *Yskor Nuus*, Oktober 1953, pp. 8-12.
1965: Makahane, *Koedoe*, nr. 8, pp. 68-74, saam met prof. J.F. Eloff.

**Etnologies**

De Vaal se volkekundige publikasies was meestal bydraes wat hy gelewer het in skoolhandboeke oor volkekundige studies vir standerds 6, 7 en 8. Sy bydraes het bestaan uit die skryf van sekere

45. *Die Huisgenoot*, 12 April 1940.;
*Die Brandwag*, 14 Junie 1946.
46. *Die Brandwag*, 21 Junie 1946.
47. *Lantern*, Jaargang 1, nr. 5, Mei 1952, pp. 405-408.

hoofstukke in samewerking met drie ander skrywers, onder andere prof. J.F. Eloff.

'n Interessante volkekundige artikel deur De Vaal wat in die *Pretoria Normaalkollege Studenteblad* verskyn het, handel oor spreekwoorde van swartmense. In die artikel vertel hy met behulp van voorbeelde dat die idiome en segswyses van die swartmense dikwels verband hou met die diere en die omgewing waarmee hulle in aanraking gekom het.[48]

In Februarie 1947 het De Vaal 'n artikel oor die Vahlemba, as Semitiese swartstam in *Suid-Afrika*, geskryf. Die Vahlemba se herkoms, leefwyse, tradisies, kapteins en moontlike aandeel in die bou van die Zimbabweruïnes word in die artikel bespreek.[49]

Lys van etnologiese studies:

1936: Naturelle spreekwoord. *Pretoria Normaalkollege Studenteblad*, Okt. 1936, p. 38-39.

1937: Die Balemba, die ambagsmanne onder die naturelle, *Pretoria Normaalkollege Studenteblad*.

1947: Semitiese Bantoes, Die Vhalemba, *Suid-Afrika*, Februarie 1947, pp. 33, 46-48.

1958: Die Lemba, die Semiete onder Bantoe van Suidelike Afrika, *Bantoe/Bantu*, Julie 1958, pp. 51-74.

1958: Hudson, Van Tonder, Eloff en De Vaal : *Volkekundige studies vir standerd VI*, Nasionale boekhandel, 1958.
De Vaal se bydraes:
Hoofstuk I : Die menserasse van Suid-Afrika, pp. 1-13.
Hoofstuk V : Die Bantoe, pp. 80-110.

1958: Hudson, Van Tonder, Eloff & De Vaal: *Volkekundige studies vir standerd VII*, Nasionale Boekhandel, 1958.
De Vaal se bydraes:
Hoofstuk II : Die volksgroepe van Afrika en waar hulle woon, pp. 6-16.
Hoofstuk III: Die bantoe-etniese indeling, pp. 17-26.
Hoofstuk VII: Die tuisnywerhede van die Bantoe, pp. 60-80.
Hoofstuk X : Die politieke organisasie van die Bantoe, pp. 112-126.

1959: Hudson, Van Tonder, Eloff en De Vaal: *Volkekundige studies vir standerd VIII*, Nasionale Boekhandel, 1959.
De Vaal se bydraes:
Hoofstuk I : Aanraking tussen die Blankes en die Bantoe, pp. 1-11.
Hoofstuk IV, V en VI : Administrasie en versorging van die Bantoe, pp. 23-67.
Hoofstuk IX : Die sending en die onderwys.
Hoofstuk XIV : (In medewerking met Eloff): Die tradisionele standpunt ten opsigte van die beheer en administrasie van die Nie-Blankes, pp. 166-176.[50]

**Geografies**

De Vaal se geografiese publikasies handel oor die Funduzimeer wat 'n onvergeetlike indruk op hom gemaak het.[51] Hierbenewens het hy ook verskeie Suid-Afrikaanse riviere in artikels beskryf.

Vir die *Iscor News* het De Vaal twee bydraes gelewer oor die riviere van Suid-Afrika. Die

---

48. *Pretoria Normaalkollege Studenteblad*, 1936, p.38.
49. *Suid-Afrika*, Februarie 1947, pp. 15, 33, 46, 47 en 48.
50. Al drie boekies is ook in Engels, onder die titel Race Studies, deur prof. R Lighton vertaal.
51. *Die Volkstem*, 1 Augustus 1936.

geskiedenis van die Limpopo- en Luvuvhu-riviere word hierin bespreek.[52]

Vanweë die geheimsinnigheid rondom die Funduzimeer, tesame met die staaltjies wat swartmense aan De Vaal vertel het, was sy nuuskierigheid so geprikkel dat hy self die meer gaan besoek het. Oor hierdie besoek, asook oor die swartmense se bygelowe omtrent dié meer, het hy 'n artikel in die *Die Volkstem* van Augustus 1936 laat publiseer.[53]

Publikasies oor geografie wat De Vaal die lig laat sien het:

1936: Funduzi: Die geheimsinnige meer, *Pretoria Normaalkollege Studenteblad*, p. 35-36.
1936: Funduzi: Die geheimsinnige meer, *Die Volkstem*, 1 Augustus 1936.
1937: In die land van die kokerbome, *Die Volkstem*, September 1937.
1946: Van ons Suid-Afrikaanse riviere: Die Limpopo en sy vallei, *Yskor Nuus*, September 1946.
1948: Riviere van Suid-Afrika: Die Luvuvhu of Pafuririvier en sy vallei, *Yskor Nuus*, 1 Oktober 1948.

**Pedagogies**

Uit die aard van sy beroep het De Vaal verskeie opvoedkundige artikels geskryf, wat wissel in hul strekking van die suiwer opvoedkundige tot die historiese. Die opvoedkundige artikels oor Schoemansdal sentreer rondom die probleme wat ds. N.J. van Warmelo ondervind het met die opvoeding van die jeug van die dorpie. Ter verduideliking bevat die artikel baie direkte aanhalings uit dokumente, soos briewe, wat deur Van Warmelo aan van die belanghebbende persone geskryf het.[54]

Verdere opvoedkundige bydraes wat De Vaal gelewer het, is meestal gepubliseer in die *Bantoe-onderwysblad* en in die *Bantu Educational Journal*. In 'n artikel, 'Handskrif - 'n aanbevole stelsel vir Bantoe skole', spreek hy een van die probleme waarmee swart onderwys te kampe gehad het aan.[55]

Opvoedkundige publikasies deur De Vaal:

1938: Opvoeding in Schoemansdal 1848-1867, *Historiese Studies*, Jaargang 1, nr. 2, Oktober 1939, pp. 25-30.
1957: Inhoudsvakke in die laer- en hoër primêre skool, Bantoe-onderwysblad, deel III, Mei 1957, pp. 157-161, 165.
1958: The work of the National Advisory Council for Film and Radio Services, *Bantu Education Journal*, vol. IV, Sept. 1958, pp. 343-345.
1959: Sosiale studies in die hoër primêre skool, *Bantoe-onderwysblad*, Junie 1958, pp. 208-212.
1960: Vandalisme en bevuiling van gedenkwaardighede, *Bantoe-onderwysblad*, Oktober 1960, pp. 475-477.
1960: Handskrif - Aanbevole stelsel vir Bantoe skole, *Bantoe-onderwysblad*, Nov. 1960, pp.530-546.
1961: The G.H. Franz Memorial Fund, *Bantu Education Journal*, May 1961, pp. 206-208.

---

52. *Iscor News*, September 1946, pp. 460-465; October 1948, pp. 789-792.
53. *Die Volkstem*, 1 Augustus 1936.
54. *Historiese Studies*, Jaargang 1, Nommer. 1, Julie 1939, pp. 25-30.
55. *Bantoe Onderwysblad*, Oktober 1960, pp. 475-477.

## 8. SLOT

In 1974 het De Vaal afgetree en hom op boerdery toegelê. Alhoewel hy in Pretoria woonagtig was, het hy periodiek na sy plaas naby Bethlehem gegaan.

De Vaal het hom nie beskou as 'n geskoolde argeoloog nie, maar wel as 'n geskoolde historikus. Alhoewel hy die basiese beginsels van argeologie geken het, het hy homself as 'n amateurargeoloog beskou, vir wie die geskiedenis van Noord-Transvaal na aan die hart gelê het. Die twee wetenskappe, naamlik geskiedenis en argeologie, het hy as van gelyke waarde beskou.[56]

Vir hierdie veelsydige historikus, aan wie min erkening vir sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie verleen is, was die einde 'n logiese deel van die kringloop van die lewe en hy sluit sy eie lewensketş dan ook met die volgende woorde af: "... op byna vyf en sewentigjarige leeftyd het dit tyd geword om die tuig finaal neer te lê, want vir almal van ons is daar 'n tyd van kom en 'n tyd van gaan."[57]

---

56. Persoonlike onderhoud, 6 Oktober 1984.
57. Beknopte Lewensketş, datum onbekend.